# 21 Februarie 2024 - Lesing 243 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Glo aan die voortlewe van die siel – 9/12/61

**NO: 8059** As die mense tog daaraan wil glo dat hul siel - hul eintlike ek - onverganklik is, as hulle tog net wil glo dat die siel as mens op hierdie aarde **vir haarself ‘n lot berei in die ryk hierna**, wanneer sy haar aardse liggaam verlaat.

Die onverskilligheid teenoor hul latere lot sal die mense eens bitter berou, want eens sal hulle tot die besef kom wat hulle versuim het in die lewe op aarde, wat hulle kon bereik het as hulle die waarskuwings en vermaninge geglo het wat hul steeds op aarde ontvang het. **Die onverskilligheid teenoor hul toekomstige lot is die grootste boosheid wat dreig om baie mense in die afgrond in te sleur**.

En daarom moet hulle steeds weer daarop gewys word dat daar ‘n verdere lewe na die dood is, dat hulle nie kan vergaan nie, ook al moet hulle hul aardse liggaam aflê. **Hul gedagtes moet gerig word op hierdie tyd, wat so seker sal kom soos die dag van more**. Dan sal hulle ook in groter bewussyn van hul verantwoordelikheid lewe, as hulle maar die geloof sou kon kry aan ‘n voortlewe na die dood.

Ook dit kan nie vir hul bewys word nie, **hulle kan dit slegs glo.** Maar hulle kan ‘n oortuigde geloof verkry, as hulle nadink en vra na die eintlike doel van hul lewe op aarde. Slegs ‘n geestelik gerigte gedagte sou voldoende wees **dat hulle ook die antwoord deur middel van gedagtes gegee sou word uit die geesteryk**, wat die ware vaderland van die siel is.

Maar hierdie vraende gedagtes moet die mens in vrye wil opstuur, want hulle kan nie dwangmatig in sulke geestelike denke ingedwing word nie. Maar die geringste impuls kan al voldoende wees dat hy aan homself hierdie vrae sal stel en dit sal verseker net goeie gevolge hê.

Daarom moet die mens dikwels getref word deur gevoelige verliese wat dit betref wat hy bemin, **naamlik aardse besit of ook geliefdes**, waarvan die verlies hom tot sulke gedagtes kan aanspoor. En dan het ook **die sware slae van die noodlot vir hom tot ‘n seën geword**, as dit die denke van die mens in geestelike bane lei en geestelike kragte nou tussenbeide kan kom wat hom probeer onderrig.

En word die mens gevra of hy oortuig aan ‘n voortlewe van die siel glo, dan sal hy meestal daaraan twyfel, selfs as hy daaroor deur die kerk onderrig is en dit nog nie openlik weerspreek het nie. **Maar die innerlike oortuiging ontbreek by hom** en dit laat hom ook onverskillig wees in sy lewenswandel, wat gerig moet wees op die lewe in die geestelike ryk.

Maar steeds weer word die mens gekonfronteer met wisselvallighede wat sy denke moet en kan rig op die einde, wat verseker vir hom is en **dit tog geen einde beteken vir sy siel nie**. En steeds weer sal aan hom ook onderrigting toekom in die vorm van gesprekke of geskrifte wat hy in vrye wil kan aanneem of afwys.

En ook die verlies van aardse goedere kan die mens tot nadenke stem, sodat hy homself kan afvra of die besit daarvan die eintlike sin van sy bestaan op aarde is.

En dan is daar ook ‘n moontlikheid dat sy denke kan verander; dan is dit moontlik dat hy ‘n lewe na die dood nie uitsluit nie en nou sy lewenswandel bewustelik sal gaan, omdat hy voel dat hy homself eenmaal daarvoor moet verantwoord.

En dan sal die sekerheid ook steeds sterker word in hom, dat sy bestaan nie verby is met die dood van sy liggaam nie, want waar maar die geringste wil aanwesig is om ‘n sinvolle lewe te lei, word die mens ook gehelp en hy sal nie verlore gaan nie. Amein.